

November 2023

DONAUVAART EN PRAAG TOERPROGRAM 19 – 29 Augustus 2024

Augustus

Ma 19 JOHANNESBURG – DUBAI

Ons vertrek op **19 Augustus 2024** om **22:20** met **Emirates** van **Johannesburg** na **Dubai**, waar ons op **20 Augustus** om **08:20** aankom. U moet reeds om **18:20** op die O.R. Tambo-lughawe by Emirates se inweegtoonbank aanmeld.

Di 20 DUBAI – BOEDAPEST

Ná aankoms in Dubai, haal ons om **10:30** die aansluitingsvlug **EK 111** na **Boedapest**, waar ons om **14:25** land.

Daar word dikwels na Boedapest verwys as die "Parys van die Ooste". Grasieus uitgesprei aan weerskante van die Donau vorm dié stad een van die skouspelagtigste panoramas wat Europa kan bied. Die heuvelagtige Boeda, afgeëts teen die blou lug; die bedrywige Pest met indrukwekkende antieke geboue; die pragtige Margarethe-eiland, met goed versorgde tuine en parke in die middel van die Donau; en die argitektonies imponerende brûe wat die Donau oorspan, laat alles onvergeetlike indrukke op besoekers.

Na aankoms gaan ons na ons hotel vir aandete en oornag.

Wo 21 BOEDAPEST

Aangesien daar môre min vrye tyd is na die stadstoer, spandeer ons vandag tyd in-Boedapest.

In die middestad is daar 'n lang voetgangerlaan met talle winkeltjies en straatkafees wat eindig in 'n groot binnenshuise mark waar 'n magdom Hongaarse handwerkaandenkings te koop is.

Ons besoek ook die skilderagtige dorpie Szentendre, 'n kunstenaarsdorpie sowat 40 minute se ry van Boedapest en 'n inkopieparadys duisend! Hier is talle stalletjies met pragtige Hongaarse handwerk en klere teen billike pryse.

Ons keer terug na Boedapest en gaan ongeveer 18:00 aan boord van die MS France – ons tuiste vir die volgende vyf nagte.

Ons woon na die skemerkelkie en aandete, 'n Hongaarse Folklore vertoning by. Die uitsig vanaf die boot oor die stad is pragtig.

Do 22 BOEDAPEST – BRATISLAVA

Ná ontbyt vertrek ons op 'n besigtigingstoer van die opwindende stad, **Boedapest**. Aan die Boedakant sien ons die historiese Matthias-kerk met die ruitersstandbeeld van die eerste Hongaarse koning en die beroemde Vissermansbastion. Ons besoek ook die oorkantste oewer waar Pest geleë is. Die sierlike Neo-Gotiese Parlementsgebou met sy 96 m hoë koepel lok vele besoekers en 'n besoek aan die indrukwekkende Millenium-monument, ook bekend as die Heldeplein, is 'n besondere belewenis.

Die boot vaar ongeveer om **12:00** na Bratislava. Ons volg die *Royal Danube Bend*-roete – 'n besondere gebied waar die prag van natuurskoon met die bekoring van kultuur uit die vroegste tye saamsmelt.

Vr 23 BRATISLAVA – WENE

Ons meer vroegoggend in **Bratislava** vas. **Bratislava** is Slowakye se hoofstad en ook die land se grootste stad met 'n bevolking van sowat 429 000 inwoners. Die stad lê in die sogenaamde "drielandehoek" naby die Slowaakse grense met Hongarye en Oostenryk.

Die Bratislava-kasteel op 'n heuvel bokant die ou stad oorheers die stad. Die stad was reeds in die steentydperk deur die Kelte bewoon. Vier eeue lank het die noordelike grens van die Romeinse ryk deur die stad geloop en is verskeie fortifikasies opgerig. Nadat Slowakye onafhanklik geword het, het die kasteel die Slowaakse parlement gehuisves.

Posbus 17203 | Pretoria-Noord | 0116

Tel: 012 546 4967 | Faks: 086 530 2326 | E-pos: info@toere.co.za | Web: www.travelentoer.co.za

Die boot bied 'n opsionele uitstappie aan.

Dit is egter moontlik om op u eie die stad saam met die toerleier te verken en 'n deel van die stad met 'n toeristetrentjie te besigtig.

Die boot vertrek weer ongeveer om **12:00** na Wene. Hierna gaan ons Oostenryk binne en uiteindelik Wene!

"Wien, Wien, nur du allein sollst stets die Stadt meiner Träume sein ...". Dit is só waar – **Wene** sal maar altyd die stad van baie se drome wees! 'n Mens moet hierdie stad belééf. Dit is 'n pragtige stad met majestueuse barokpaleise, skitterende beeldgroepe en weelderige tuine. Die atmosfeer in Wene is heeltemal anders as in ander wêreldstede soos Parys en Londen. Die pragtige groen parke verleen 'n heerlike, rustige atmosfeer aan die stad. Geen wonder dat daar ook fiakers rondry nie – perdekoetse waarvan toeriste gebruik kan maak om die stad rustig en deeglik te bekijk. 'n Mens ervaar dat kuns en kultuur in hierdie stad met 'n hoofletter 'K' geskryf behoort te word.

Ons woon vanaand 'n klassieke konsert by.

Sa 24 **WENE**

Vanoggend besoek ons die **Schönbrunn-paleis**, somerwoning van die laaste koninklike familie, die Habsburgers. Dié sprokiespaleis was oorspronklik bedoel om Versailles in Parys heeltemal in die skadu te stel, maar weens bepaalde omstandighede moes die keiser tevrede wees met 'n paleis van veel meer beskeie voorkoms. Die geelkleurige uiterlike van die paleis is nie so imponerend soos Versailles nie, maar die interieur is in teenstelling daarmee 'n kuns- en kultuurhistoriese monument. Gelukkig is die paleis nooit beroof of verniel nie en sien 'n mens ongelooflike weelde in die pronkkamers wat besoek word.

Dit word gevolg deur 'n panoramiese toer van Wene wat as een van Europa se mooiste hoofstede beskou word. Die stad het 'n wye verskeidenheid argitektuurstyle wat van Romaans, Goties, Barok en Renaissance tot modern wissel.

Ons besoek onder andere die imposante *Stephansdom* met die helderkleurige dakteëls en ry in die Ringstrasse waar indrukwekkende geboue soos die Weense Staatsopera, Paleis van Justisie, Parlementsgebou, Stadsaal en die statige Hofburg-kompleks te sien is.

Daarna is ons vry om Wene op ons eie of in groepies te verken. 'n Mens kan een van die baie openbare parke, soos die Burggarten besoek. 'n Ander besondere park is die Stadtpark waar die bekende vergulde standbeeld van Johann Strauss aan hierdie wonderseun van Wene erkenning gee. Die voetgangerslaan is 'n gewilde inkopieparadys.

Ons boot vertrek vanaand na Melk.

So 25 **MELK**

Ons vaar vroeg oggend deur die mooiste deel van die Wachau-vallei tot in **Melk**. Die gebied word gekenmerk deur die kronkelende Donau, golwende heuwels en klein dorpie omring deur wingerde en is as geheel op UNESCO se wêrelderfenislys geplaas.

Ons onderneem 'n uitstappie na **Dürnstein**, 'n bekoorlike dorpie in hierdie vrugbare vallei. Wingerde en appelkoosboorde omring die dorp wat bekend is vir sy verskeidenheid drankies en ander produkte wat van appelkose gemaak word. Die bloukleurige toring van die 15de eeuse kerkie naby die oewer, is een van die bekende argitektoniese landmerke langs die Donau.

Die poskaartprentjie word afgerond deur die ou kasteelruïne wat hoog bo die dorpie uittoon. Volgens legende is die Engelse koning, *Richard the Lionheart*, in die 12de eeu as gevangene hier aangehou. Diegene wat kans sien om die steil paadjie daarheen aan te durf, word beloon met 'n pragtige uitsig. Die res kan heerlik rondrentel in die atmosferyke voetgangerslaan vol winkeltjies of langs die Donau-promenade gaan stap. Die blomryke begraafplaas in die middel van die dorp is ook altyd 'n lushof waardeur 'n mens kan stap.

Vanmiddag is daar 'n opsionele uitstappie na die Melk-abdy. Dit is oorspronklik tussen 1702 en 1736 as 'n barokstyl-paleis gebou, maar is nou 'n Benediktynse klooster wat 'n prestigeryke skool van meer as 900 leerders huisves. Gaste wat die Abdy besoek, sal waarskynlik met 'n bus aangery word na die boot wat intussen begin vaar het.

Die boot vertrek vroeg middag na Passau op die laaste deel van ons vaart.

Ma 26 **PASSAU – PRAAG**

Passau, lê in die suidooste van Duitsland teen die Oostenrykse grens. Dit is ook bekend as die Drierivierestad, want dit lê by die samevloeiing van die Donau, Inn en Ilz.

Na ontbyt ontskeep ons, en wag ons Duitse busbestuurder vir ons.

'n Opwindende dag wag op ons wanneer ons vanmôre na **Praag** ry. Indien tyd dit toelaat, besoek ons die skilderagtige Middeleeuse dorpie **Cesky Krumlov**. Die dorpie self is tot 'n besondere historiese monument verklaar toe dit in 1992 in Unesco se register van monumente van wêreldbelang opgeneem is. Dis 'n belewenis om met die karaktervolle ou straatjies langs te wandel.

Op pad na Praag ry ons deur Suid-Bohemië, 'n skilderagtige streek met pragtige mere, berge en woude en geskiedkundige dorpie.

Di 27 **PRAAG**

Praag is een van die mooiste stede ter wêreld en speel reeds eeue lank 'n sentrale rol in die Europese kulturele lewe. Dis ook bekend as die stad waar talle kunstenaars gewoon en gewerk het. Smetana komponeer sy simfonie "My Vaderland" (*Mein Vaterland*), Kafka skryf sy beroemde werk "*Der Prozeß*" (Die Protes) en Mozart vind hier die rus om sy operas te komponeer. Praag kan met reg saam met Wene "musiekstad" genoem word.

Praag is werklik 'n besoekersparadys. Die bruisende Vltava-rivier (vroeër genoem Moldau) vloei onder talle pragtige ou brûe deur, waarvan die Karlsbrug (*Die Karlsbrücke*) 'n treffende voorbeeld is.

Praag het 'n uitmuntende argitektoniese skoonheid, merkwaardige monumente uit die Romeinse tydperk, wêreldberoemde Gotiese bouwerke en stadsuitleg, asook besondere artistieke juwele uit die Barok-, Renaissance- en Art Nouveau-tydperke. Hoewel die stad dikwels deur die eeue verwoes is, het hierdie erfenis behoue gebly.

Busse word nie in die ou stad toegelaat nie. Aangesien ons hotel naby die ou stad geleë is, durf diegene wat kans sien daarvoor, die stad te voet aan. Dit is moontlik om die ou stad en die Karlsbrug (*Die Karlsbrücke*) met die toerleier te besoek. Indien u nie wil stap nie, is daar ander opsies. Dit is moontlik om opsioneel met taxi's deur die ou stad te ry of met 'n *Hop-on Hop-Off* bus die stad te verken. U kan ook 'n opsionele bootvaart op die Vltava onderneem. Daar is ook geleentheid vir 'n opsionele musiekkonsert vanaand of u kan vir oulaas oor die Karlsbrug gaan stap om na die pragtig verligte kasteel te kyk of die silhoeët teen 'n indrukwekkende sonsondergang te aanskou.

Wo 28 **PRAAG – DUBAI**

Vanoggend kan ons vir oulaas Praag te voet verken voordat ons na die lughawe vir die aansluitingsvlug na **Dubai vertrek**. Ons vertrek om **15:40** met **Vlug EK 140** na **Dubai** waar ons om **23:35** land.

Do 29 **JOHANNESBURG**

Ons vertrek om **04:05** van Dubai met **Vlug EK 751** na Suid-Afrika.

Ons land vanoggend om **09:55** op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** met die allermooiste herinneringe aan 'n onvergeetlike toer.

LW: *Weens omstandighede buite ons beheer kan dit gebeur dat die toerprogram aangepas moet word.*